

Mpumalanga Ope 2017- Verslag

Op 8 April 2017 is die Mpumalanga ope aangebied op die plaas Rusthoek, van P Martins Boerdery, ongeveer 30km buite Volksrust.

Die ope is gekenmerk deur baie lekker herfs weerstoestande met baie matige temperatuur, sonskyn en ligte wind. Daar was ongeveer 100 vooraf inskrywings en 'n verdere 5 skuts het ingeskryf op die dag.

Inskrywingsgeld het R300 beloop. Daar is verder afslag gegee aan Amajuba Taklede van die SAJWV wat R200, vooraf, betaal het.

'n Inskietbaan van 200m was beskikbaar vanaf die vorige dag en dit was oop tot met die einde van die skiet.

Oom Jan Marais het oudergewoonte gesorg vir heerlike kos voor, gedurende en na afloop van die skiet. As deel van die inskrywingsgeld is skuts ingewag met vleis- en suiker-pannekoekte en koffie vir ontbyt, later, as middagete, is worsbroodjies voorsien en 'n steak braai is aangebied na afloop van die skiet.

Die bane was as volg: Baan 1 was 'n rooibok, vryhand kniel, afstand 112m.

Baan 2 was 'n bobbejaan wisselbaan met 5 verskillende skietpossisies. 2 posisies was lê oor verskillende klippe, 1 staan by 3 poot en 2 sit oor klippe. Afstand 273m

Baan 3 was 'n jakkals oor 200liter dromme. Skuts het gesit oor die dromme

Baan 4 was vryhand lê na gonge, Afstande as volg: 1-190m, 2-219m, 3-233m, 4-225m, 5-236m.

Baan 5 was lê oor damwal na gonge. Afstande 311m,342m,272m,275m,197m

Baan 6 was gonge geskiet uit n ou sement dam, afstande:314m,295m,262m,178m, en 215m

Die goeie beplanning en harde werk van die baanoffisiere en telling-personeel het baie vrugte afgewerp en die tellings vir die prysuitdeling was reeds 5h die middag beskikbaar en die prysuitdeling kon dus voor donker reeds afgehandel word. Ons bedank dan graag vir Jan-Hendrik Martins, Elton Gross, Rudolph Cronje en Marius Moolman vir hulp met opstel en bou van bane, vir Jaco Vosloo, Piet Venter, Theunis Potgieter, Heindre van der Bank en JC vir hulle hulp as baanoffisiere en verder vir Vidette Martins, Wimpie Blaauw en Petra Moolman wat die inskrywings en tellings hanteer het. Baie dankie verder aan oom Piet en tannie Rena Potgieter vir die geriewe waar die inskrywing, prysuitdeling en etes plaasgevind het.

Hiermee bedank ons verder graag die borge. Die borge is sekerlik die belangrikste van enige Ope en ons kan werklik nie sonder julle ondersteuning nie. In besonder

Safari & Outdoor met R 10 000 se pryse en koopbewyse, Supa Quick Volksrust R3500 kontant en Volksrust Meatco vir R1500 kontant.

Die algehele wenner vir die dag was Francois Martins 861,4 punte, gevolg deur Marius Moolman met 861.3 en Jan Venter met 811.

Sien foto's hieronder.









Baie dankie en groete tot volgende jaar.

Francois Martins

082 926 6452